UNIVERSITY EXAMINATIONS



UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

FAC1502
ACN101M
RAC101B

Mei/Junie 2010

FINANSIËLE REKENINGKUNDIGE BEGRIPPE, BEGINSELS EN PROSEDURES

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

EKSAMINATORE :

EERSTE	PROF D SCOTT	MEJ A DU PLESSIS
	MEV KA NKOME	MNR P MARAISANE
TWEEDE	PROF JS JANSEN VAN RENSBURG	

Gebruik van 'n nie-programmeerbare sakrekenaar is toelaatbaar

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

LET WEL:

1 Maak seker dat u die regte vraestel skryf
2 Maak seker dat u die regte eksamenantwoordboek (BLOU) van die opsiener ontvang
3 Alle vrae moet beantwoord word
4 Basiese berekeninge moet, waar toepaslik, getoon word
5 Elke vraag wat beantwoord word, moet op `n volgende skoon bladsy begin word
6 Moet asseblief nie die vraestel in potlood beantwoord nie
7 VOORGESTELDE TYDTAFEL (probeer om nie hiervan af te wyk nie)

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
1	Krediteure rekonsiliasie	11	14
2	Aansuiwerings	17	20
3	Onvolledige rekords	25	30
4	Sluitingsinskrywings en finale rekeninge	26	31
5	Kontantjoernale	21	25
	TOTAAL	100	120

VRAAG 1 (11 punte) (14 minute)

Die bestuurder van Prude Handelaars het u in beheer van die krediteure rekonsiliasie vir April 2010 geplaas

Beskikbare inligting:

Nota: Inset BTW en uitset BTW moet geignoreer word.

1 Op 30 April 2010, het die krediteure grootboek van Prude Handelaars die volgende krediteure getoon

LYS VAN KREDITEURE: 30 APRIL 2010	
Naam	**Saldo**
	R
Ferrari CC	7 880
Debs Skryfbehoefteverkaffers	50
Dennis Skoonmakers	566
Tswane Garage	60
Dragon Voorsieners	1 118
TOTAAL	9 674

2 Op 30 April 2010 het die krediteurekontrolerekening 'n voorlopige saldo van R9 841 getoon

3 Na 'n ondersoek van die individuele rekeninge, brondokumente en ander toepaslike inligting, is die volgende foute/weglatings gevind
- 3 1 Tjek nr 343 ten bedrae van R50 wat aan Debs Skryfbehoefteverskaffers uitgereik is vir betaling van 'n rekening, is foutiewelik teen die skryfbehoefterekening gedebiteer
- 3 2 Die rekening van Ferrari CC is verkeerd gebalanseer Die bedrag moes R7 890 gewees het
- 3 3 Die krediteure kolom in die aankoopsjoernaal toon 'n totaal van R5 554 Die bedrag is foutiewelik as R5 455 in die krediteurekontrolerekening aangeteken
- 3 4 'n Kredietnota nr SD2653 ten bedrae van R34 wat vanaf Dennis Skoonmakers ontvang is, is wel in die aankoopterugsendingsjoernaal aangeteken, maar nie in die rekening van Dennis Skoonmakers nie
- 3 5 Die rekening van Dragon Voorsieners is met kredietnota nr 778 ten bedrae van R100 wat van hulle af ontvang is, op 26 April 2010 gekrediteer
- 3 6 Kredietfaktuur nr B5346 ten bedrae van R600, wat vanaf Tswane Garage vir herstelwerk aan 'n aflewenngsvoertuig gedoen is, is in die algemene joernaal as R60 aangeteken en as sulks na die rekening van Tswane Garage geposteer

Gevra:

1 Stel die **krediteure kontrolerekening** op 30 April 2010 op en toon alle inskrywings aangaande die regstellings en/of weglatings (4)

2 Stel 'n **krediteure rekonsiliasiestaat** soos op 30 April 2010 op en toon alle veranderinge en regstellings wat gemaak is (7)

VRAAG 2 (17 punte) (20 minute)

Op 31 Maart 2010 het Mnr Danger, die rekenmeester van Moja Handelaars aangedui dat die volgende rekeninge aangesuiwer moet word voordat die finale rekeninge opgestel kan word

Uittreksel uit die

ALGEMENE GROOTBOEK VAN MOJA HANDELAARS OP 31 MAART 2010

	R
Rente inkomste	4 950
Verpakkingsmaterıaal	3 350
Vereffingskorting toegestaan	1 770
Vereffingskorting ontvang	1 200
Opgelope waardevermindering op toerusting	15 000
Kommissieinkomste	2 700
Kredietverliese	260
Onttrekkings	6 640
Toerusting (teen kosprys)	34 000
Debiteurekontrole	4 458
Aankoopterugsendings	222
Verkoopterugsendings	333
Versekering	1 950
Water en elektrisiteit	2 750

Bykomende inligting (foute en probleme wat geïdentifiseer is):

1 Slegs 11 maande se huur is ontvang
2 Verpakkingsmaterıaal in voorraad op 31 Maart 2010 het R1 550 beloop
3 Kommissie van R750 is vooruitontvang
4 'n Klient J John het verdwyn Bestuur het besluit om sy skuld van R58 as oninvorderbaar af te skryf
5 Voorsiening vir depresiasie op toerusting moet teen 10% per jaar op die verminderde saldo metode gemaak word
6 Die water en elektrisiteitsrekening vir Maart 2010 ten bedrae van R310 is nog nie betaal nie
7 Die versekeringspremie vir April 2010 is vooruitbetaal

Gevra:

Stel die **algemene joernaalinskrywings** vir die aanpassings op 31 Maart 2010 op
(LET WEL: Geldige joernaalomskrywings is belangrik aangesien dit punte verdien)

VRAAG 3 (25 punte) (30 minute)

B Bull, die eienaar van Bull's Pasteie, hou rekord van sy besigheid se transaksies op 'n enkel-inskrywing grondslag Die volgende inligting is beskikbaar

Lys van saldo's

	31 Maart 2010	31 Maart 2009
	R	R
Toerusting	15 500	15 500
Winkeluitleg	23 000	23 000
Debiteure	1 900	2 400
Krediteure	14 300	17 300
Ontvangwissels	1 200	750
Voorraad	9 100	8 500
Bank (gunstig)	-	4 300
Bank (oortrokke)	?	-

Opsomming van ontvangste en betalings vir die jaar wat op 31 Maart 2010 geeindig het	R
Ontvangste	
Kontantverkope	48 670
Ontvang vanaf debiteure	7 700
Betalings	
Betalings aan krediteure	13 290
Versekering	800
Huur uitgawes	19 800
Munisipale uitgawes	5 090
Telefoon uitgawes	2 710
Diverse uitgawes	4 560
Trekkings	15 000

Bykomende inligting:

1 Op 2 Julie 2009 het B Bull 'n kontrak om sy besigheidsbates te verseker, aangegaan Die versekeringspremie is jaarliks op 2 Julie vooruitbetaalbaar
2 Huur van R1 800 vir Maart 2010 is nog nie betaal nie

Gevra:

(a) Stel 'n **staat van bates en laste** op om die eienaarsbelang (ekwiteit) aan die begin van die tydperk (op 1 April 2009) te bepaal (5)
(b) Stel die volgende rekeninge in die algemene grootboek vir die finansiele jaar wat op 31 Maart 2010 geeindig het, op **(Let daarop dat rekeninge behoorlik op 31 Maart 2010 gebalanseer moet word)**
- Bank (6)
- Debiteure (5)
- Krediteure (3)
- Versekering (3)
- Huuruitgawes (3)

VRAAG 4 (26 punte) (31 minute)

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van Robust Handelaars verkry

NA AANSUIWERINGS-PROEFBALANS VAN ROBUST HANDELAARS OP 30 JUNIE 2009 (uittreksel)		
	Debiet	Krediet
	R	R
Kapitaal		100 000
Trekkings	2 445	
Grond en geboue teen kosprys	200 000	
Voertuie teen kosprys	122 000	
Meubels en toerusting teen kosprys	65 000	
Opgelope waardevermindering op voertuie (30 Junie 2009)		54 700
Opgelope waardevermindering op meubels en toerusting (30 Junie 2009)		22 700
Debiteurekontrole	6 780	
Handelsvoorraad (30 Junie 2009)	13 550	
Bank	7 775	
Kleinkas	500	
Verbandlening		150 000
Lening vanaf Afrika Bank		50 000
Krediteurekontrole		3 200
BTW kontrole		2 000
Verkope		256 400
Vrag op aankope	660	
Kommissie-inkomste		15 000
Kredietverliese	244	
Waardevermindering	15 400	
Versekering	2 400	
Verpakkingsmateriaal	3 300	
Aankope	154 880	
Aankoopterugsendings		245
Huurinkomste		3 600
Verkoopterugsendings	1 338	
Vereffingskorting toegestaan	553	
Vereffingskorting ontvang		155
Lone	56 775	
Water en elektrisiteit	4 400	
	658 000	658 000

Bykomende inligting:
Op 1 Julie 2008 was die saldo van handelsvoorraad R14 885

Gevra:

Gebruik die bostaande inligting en

3 1 Toon al die sluitingsinskrywings in die algemene joernaal (Joernaalomskrywings kan weggelaat word) (17)

3 2 Stel die **handelsrekening** en die **wins of verliesrekening** vir die jaar wat op 30 Junie 2009 geeindig het, op (9)

[BLAAI OM]

VRAAG 5 (21 punte) (25 minute)

Die rekeningkundige periode van Bravo Handelaars eindig elke jaar op 31 Desember Hieronder is sommige van die transaksies van die entiteit vir Maart 2010

Let wel:
- Waar toepaslik, sluit transaksies BTW teen 14% in.
- Kontant en kontantekwivalente word daagliks by die bank gedeponeer.

Transaksies vir Maart 2010:

Datum	Besonderhede
1	Kontantverkope soos per kasregister-rol, R684 Ontvang 'n tjek ten bedrae van R650 van B Bord vir die volle betaling van sy rekening van R707 Kwitansie nr 776 is uitgereik Kwitansie nr 777 ten bedrae van R25 000 is aan B Bravo, die eienaar uitgereik vir 'n addisionele belegging tot sy kapitaal in Bravo Handelaars
5	Koop skryfbehoeftes by Draw Handelaars en betaal R1 026 met tjek nr 543
7	Kontantverkope soos per kontantregister-rol, R2 850
12	Betaal R3 200 aan Dennis CC met tjek nr 544 vir die volle vereffening van ons rekening van R3 542
14	Verkoop 'n ou afleweringsvoertuig aan Prince Garage en ontvang hulle tjek vir R5 500 Kwitansie nr 778 is uitgereik Die kontantregister-rol toon aan dat kontantverkope R7 068 beloop het
22	Brandstof ter waarde van R570 is by Highway Garage gekoop en per tjek nr 545 betaal
28	'n Bedrag van R1 368 is per tjek nr 546 aan Kandas Stores betaal Die items wat aangekoop is, is handelsvoorraad van R1 140 en 'n elektriese waaier van R228 vir kantoorgebruik

Gevra:

Toon die bostaande transaksies vir Maart 2010 in die

- **Kontantontvangstejoernaal**, met die gepaste vaste kolomme, asook ontledingskolomme vir Ontvangstes, Bank, Verkope, Debiteurekontrole, Vereffeningskorting toegestaan, Uitset BTW, Inset BTW en Diverse rekeninge
- **Kontantbetalingsjoernaal,** met die gepaste vaste kolomme, asook ontledingskolomme vir Bank, Handelsvoorraad, Skryfbehoeftes, Krediteurekontrole, Vereffeningskorting ontvang, Inset BTW, Uitset BTW en Diverse rekeninge

©
UNISA 2010